

DIE GUNS (CHARIS) VAN GOD.

Isak Burger

Daar is seker min mense wat nie graag suksesvol of ten minste deel van 'n suksesverhaal wil wees nie. Natuurlik word die begrip “sukses” deur verskillende mense verskillend gedefinieer en verstaan.

Persoonlike sukses val egter nie sommer in 'n mens se skoot nie. Daar is 'n resep en voorvereistes vir sukses. Die seën van die Here, leierskap, visie, goeie beplanning, goeie menseverhoudinge en veral harde werk, is sommige van die voorwaardes vir sukses. Dit geld ook vir sukses binne-in 'n gemeente of bediening.

Die toestand van die wêreld noodsaak 'n suksesvolle kerk

Natuurlik is daar ander redes en motivering as in die korporatiewe en besigheidswêreld waarom die kerk suksesvol móét wees. Sukses in 'n sekulêre konteks word hoofsaaklik deur finansiële wins bepaal. In die kerk gaan dit oor die redding van mense. Dit is Jesus se Groot Opdrag. Die kerk is integraal deel van God se plan om die wêreld te red. Daarom mag die kerk nie anders as suksesvol wees nie - doodeenvoudig omdat dit om lewe en dood, oor hemel en hel gaan.

Wat is 'n suksesvolle kerk?

Sukses in die kerk word aan verskillende maatstawwe gemeet (kerkbywoning, betrokkenheid, inkomste, ens.) maar in die finale analise word die kerk se sukses bepaal deur die aantal mense wat die hel gaan mis en die ewige lewe sal beërwe. Daarom kan daar nie kompromieë aangegaan word t.o.v die sukses van die kerk nie. Ongelukkig kan dit dikwels nie van die kerk en baie gemeentes gesê word nie. 'n Kerk wat net die status quo handhaaf en instandhouding doen, kan kwalik suksesvol genoem word.

Vereistes vir sukses

In die groei en sukses van die kerk is daar *bepaalbare* en *onbepaalbare* faktore. Daarmee bedoel ek: Daar is faktore wat ons kan verstaan, verander, beïnvloed en verbeter. 'n Mens kan byvoorbeeld 'n gemeente wat nie groei nie, ondersoek en probeer om die faktore te bepaal wat stagnasie of agteruitgang tot gevolg het. Jy kan kyk na die rol van leierskap, gebed, strategiese beplanning, bestuur, bediening en vele ander faktore wat groei-tendense bepaal.

Daar is weinig twyfel dat die enkele, grootste, menslike faktor wat verandering kán teweegbring, dié van leierskap is. In ons kerk behoort hierdie monitering en bystand aan gemeentes in die eerste plek die verantwoordelikheid van die streek/netwerkleierskap te wees.

As iemand wat al lank in leierskap staan, het ek egter oor die jare agtergekom dat daar soms ander faktore en dinamikas aan die werk is wat nie so maklik bepaal kan word nie, faktore wat moeilik identifiseerbaar en definieerbaar is. So byvoorbeeld kan jy 'n pastoor kry wat volgens alle meetbare faktore niks beter as sy kollegas is nie, maar wat tog buitengewone sukses behaal. Hy bid nie noodwendig meer nie, vas nie meer nie, werk nie harder nie, preek nie beter nie en tog is hy meer suksesvol.

Jy kry ook gevalle waar dieselfde pastoor vir jare in dieselfde gemeente met relatiewe sukses werk en dan skielik kom daar 'n deurbraak waarop ongekende groei volg. Sou jy met so 'n pastoor praat, sal hy dikwels vir jou sê dat hy nie weet waaraan om die groot groei toe te skryf nie. Hy het niks eintlik anders gedoen nie. Die meeste sal erken: “Dis net die Here se genade” of: “Dis nie as gevolg van my nie, maar tenspyte van my.”

Faktor X (Xaris)

Nou ja, daardie verklaring is miskien 'n bietjie oorbeskeie, maar dit wys tog op hierdie onbepaalbare, geheimsinnige faktor. Ek verwys daarna as *die guns van God* – die belangrikste onmeetbare en onverdienslike faktor wat daar is.

Die woord hiervoor wat in die grondtaal van die Nuwe Testament gebruik word, is “*charis*” (grieks=XAPIS). Die griekse woord “*charis*” is só ryk en diep aan betekenis dat geen enkele Afrikaanse woord ten volle reg aan sy betekenis kan laat geskied nie. Die woord word vanuit die Grieks hoofsaaklik met “*genade*” of “*guns*” vertaal. Ek sal weldra probeer om die verskil tussen “*genade*” en “*guns*” te verduidelik.

Iemand het dit só probeer vertaal: “It is God’s unmerited, free, spontaneous love.” Die woordeboek verklaar “*genade*” as “vergewensgesinde goedertierenheid”.

Soos genoem, word die woord “*charis*” hoofsaaklik met “*genade*” of “*guns*” vertaal. Alhoewel die twee woorde/vertalings tot 'n groot mate dieselfde betekenis het, is daar tog sekere aksent verskille. Wanneer die woord uit die grondtaal vertaal word, word dit tot 'n groot mate bepaal deur die konteks en wie die ontvanger van *charis* is.

“*Genade*” is miskien ’n “wyer” begrip, wat ook gerig is op die sondaar en selfs die vyande van God insluit. “*Guns*” is meer gerig op die kind van God, op dié in wie die Here ’n welbehae het. “*Genade*” spreek meer van God se gesindheid van erbarming terwyl “*guns*” miskien meer spreek van ’n weldaad – dít wat God vir jou wil gee of doen.

Ons hoef nie ons koppe oor hierdie fyner aksent verskille te breek nie. Feit is: *Charis* word deur God gegee en dit is onverdiend! Hy hoef aan niemand verantwoording te doen oor hóé en aan wíé Hy *charis* skenk nie.

Karaktereienskappe van Charis

Guns maak ’n verskil

Die feit is dat God se *charis* ’n verskil maak, dat die effek daarvan gesien en beleef kan word. Luister na Psalm 127: 1+2: “*As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter. Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet – net so goed gee Hy dit aan Sy beminde in die slaap!*” Hierdie teks impliseer nie dat die Here luiheid seën nie, dit beteken net dat Sý seën en guns ’n oneindige groot verskil maak.

Van die gemeente in Antiochië lees ons in Hand.11:23: “*Toe hy (Barnabas) daar kom en die genade (charis) van God sien, was hy bly...*”

Guns word altyd gegee deur ’n ‘meerdere’ aan ’n ‘mindere’

Charis is die gesindheid en aksie van ’n superieure persoon of wese teenoor ’n mindere. God is altyd die Subjek van guns en genade. Hý skenk dit. Niemand kan aan Hóm guns of genade bewys nie. Ek en jy kan nie vir God ’n guns doen nie. Daarom kan God ook nie omgekoop word nie.

’n Mens kan groei in guns, veragter in guns en verval daarvan

’n Mens kan wel vra: Ontvang ons nie maar almal *charis* in gelyke mate nie? Hierop wil ek antwoord: Nee. Alhoewel die *charis* van God omhul is met misterie, blyk dit tog uit die Bybel en die praktyk dat almal nie in dieselfde mate daaraan deel het nie; dat ’n mens daarin kan toeneem of veragter.

As ek nou sê dat dit heeltemal onverdiend is, beteken dit dat ons ’n totaal passiewe rol speel t.o.v. *charis*? Nee! *Charis/guns/genade* is nie staties nie! Hoor wat word gesê van

Jesus in Luk.2:52: *“En Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade (charis) by God en die mense”*.

Byna dieselfde word van Samuel gesê in 1 Sam. 2:26: *“Maar die seun Samuel het toegeneem in grootte en in guns by die Here sowel as by die mense”*. 2 Petr. 3:18 is veelseggend in hierdie verband: *“Maar julle moet toeneem in die genade (charis) en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus”*. Uit bogenoemde tekste is dit duidelik dat *genade/guns (charis)* nie iets staties hoef of behoort te wees nie.

Die omgekeerde is egter ook waar. ’n Mens kan ook in die *genade (charis)* veragter (Heb. 12:15): *“En pas op dat niemand in die genade van God veragter nie”*. Jy kan selfs daarvan verval (Gal. 5:4): *“Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval”*.

God is oppermagtig en Hy gee soos Hy wil en aan wie Hy wil. Tog wil bogenoemde tekste vir my sê dat die mens nie net ’n passiewe ontvanger is van Sy *charis* nie – jy kan daarin groei, jy kan daarin veragter en jy kan daarvan verval.

Guns word gegee aan die in wie God ’n welbehag het

“Guns” is meer gerig op die kind van God, op dié in wie die Here ’n welbehag het. *“Genade”* spreek meer van God se gesindheid van erbarming terwyl *“guns”* miskien meer spreek van ’n weldaad – dít wat God vir jou wil gee of doen.

Ek het reeds verwys na Jesus wat toegeneem het in *charis* (Luk. 2:52). Maar juis van Hóm word dit meermale gesê dat Hy Sy Vader behaag het: *“Kyk, my Knecht wat Ek uitverkies het, my Geliefde in wie my siel ’n welbehag het! Ek sal My Gees in Hom lê en Hy sal aan die nasies die reg aankondig.”* (Mat. 12: 18)

By Jesus se doop in Matt 3:17 word gesê: *“En daar kom ’n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie ek ’n welbehag het”*. Jesaja het dit reeds gesê: *“Kyk, my Knecht wat Ek uitverkies het, my Geliefde in Wie My siel ’n welbehag het”*. Mt. 12: 18. Op die Berg van verheerliking het die Vader soortgelyke woorde gespreek – Mt. 17: 5: *“Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehag het”*.

Alhoewel *charis/guns* wesenlik ’n vrye geskenk van God is, is dus die aanduiding dat daar ’n element van Goddelike welbehag (divine good pleasure) tersprake is. M.a.w. dat God *charis* skenk volgens Sy behag en vir dié in wie Hy ’n welbehag het.

Dink ook aan die woorde in Num. 14: 8: *“As die Here ’n welbehae in ons het, sal Hy ons in hierdie land inbring en dit aan ons gee, ’n land wat oorloop van melk en heuning”*. Dit is belangrik dat ons die Here sal behaag: *“En beproef wat die Here welbehaaglik is.”* (Efes. 5: 10)

Eienskappe wat ons kwalifiseer vir Charis

Ek glo dat ’n mens die Here se *guns (charis)* kan soek. Ek wéét die *charis* van God is onverdienslik, maar dit lyk my dat daar sekere kwaliteite en gesindhede is wat vir God belangrik is en wat my daarvoor kan kwalifiseer of diskwalifiseer.

Ek bely onbeskroomd en onbeskaamd dat ek Sy *charis/guns* in my lewe nodig het en soek. Ek wíl God nie mishaag nie. Kom kyk saam met my wat die Skrif hieroor sê en besluit self:

Nederigheid

Die eerste en duidelikste kwalifikasie vir *charis* is ware **nederigheid**. Luister na Jak. 4: 6 wat ook in 1 Pet. 5: 5 herhaal word: *“Maar Hy gee groter genade (charis); daarom sê Hy: God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade (charis)”*. ’n Mens kan gerus ook van Spreuke 3: 34 kennis neem: *“As dit spotters betref, spot Hy, maar aan die ootmoediges gee Hy genade”*.

Uit hierdie tekste is dit baie duidelik dat God se *charis (genade/guns)* nie onvoorwaardelik is nie. Ons moet dus kwalifiseer as ons sê: *“God se genade is vir almal.”* Dis weliswaar beskikbaar vir almal, maar dis duidelik dat sommige mense hulleself diskwalifiseer vir Sy genade.

Jak.4: 6 sê duidelik wat die kwalifikasie is – *nederigheid* : *“aan die nederiges gee Hy genade (charis)”*. *Nederigheid* beteken ten diepste dat ’n mens besef hoe afhanklik jy van God is, dat jy sonder Hom niks is nie en niks kan doen nie. So mooi sê Jesus dit in die saligsprekinge: *“Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is.”* (Mt. 5:3 – NV).

Om jou afhanklikheid van God te besef, sluit in die erkenning van jou gebrokenheid, tekortkominge, foute en sonde. So het Jesus dit ook aan Paulus verduidelik in 2 Kor. 12: 9: *“En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liever sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon”*. Aan die anderkant sê die Woord dat God hoogmoediges weerstaan, m.a.w, Hy draai as’t ware Sy rug op hulle.

Ons kan dus duidelik sien dat hoogmoedige mense nie kwalifiseer vir God se *charis* nie. Laat ek dit weer duidelik stel: 'n Mens kan nie God se *charis verdien* nie, maar jy kan daarvoor kwalifiseer of gediskwalifiseer word.

Nederigheid, afhanklikheid, die erkenning van jou eie swakheid en onvolkomenheid – dít is die gesindheid wat God se *charis* en seën kan verwag. Dis die gesindheid wat jy by Dawid gekry het: *“Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal u o God, nie verag nie!”* (Ps. 51: 19). Geen wonder dat hierdie man selfs na sy erge sonde nog steeds as 'n man na die hart van God beskryf is nie!

Ek kry partykeer die idee dat daar te veel van ons is wat nog nie hierdie *gebrokenheid van gees* ken en ervaar het nie. Gebrokenheid weerhou 'n mens van arrogansie. Dit produseer 'n man en vrou wat ten diepste hulle afhanklikheid van God besef. En dít kwalifiseer 'n mens om die *guns* van God te ontvang.

Geloof

Laat ek dit herhaal: Ons kan nie God se guns, seën en gawes verdien nie, maar ons kan wel daarvoor kwalifiseer deur God te behaag. Daarvoor moedig die Bybel ons aan: *“Beproef wat die Here welbehaaglik is.”* (Efes. 5: 10). Hoor die Here se Woord in Heb. 11: 6: *“En sonder **geloof** is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.”*

Jakobus sê vir ons uitdruklik dat 'n gebrek aan geloof die seën en guns van die Here van ons weerhou: *“En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegee word. Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie”* (Jak. 1: 5-7).

'n Mens vind hierdie waarheid duidelik in die praktyk wanneer Jesus vir die Kananese vrou in Mt. 15: 28 sê: *“O Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê”*. Terwyl ons geloof nooit as 'n verdienstelike prestasie van ons kant af moet sien nie, is geloof en vertroue in God duidelik 'n voorwaarde om iets van die Here te ontvang.

Gehoorsaamheid

Nou gekoppel aan geloof, is **gehoorsaamheid**. Jy hoef maar net Deut. 28 te lees om duidelik te besef dat gehoorsaamheid aan die Here en Sy Woord 'n voorwaarde is om die seën en guns van die Here te smaak. Gaan kyk gerus weer na hierdie Skrifgedeelte. Die

sleutel tot die seën van God is in vers 1: *“As jy dan goed **luister** na die stem van die Here jou God...dan sal die Here...”* Die omgekeerde (vs. 15) is egter ook waar: *“Maar as jy **nie luister** na die stem van die Here jou God...nie, dan sal...”*

Integriteit

Egtheid (Integriteit). Net ek, en God, weet hóé opreg, eerlik en eg my verhouding en wandel met Hom is. Ek is oortuig dat dit by God saak maak. Luister aandagtig na die woorde van Ps. 84: 12: *“Want die Here God is ’n son en skild; die Here sal genade en eer gee; Hy sal die goeie nie onthou aan die wat in opregtheid wandel nie.”*

Verbondenheid met Christus

Die heel belangrikste sleutel tot die *charis* van God is ons verbondenheid aan **Jesus Christus**. Waarom? Omdat Hý – bo alles en almal God se gunsgenoot is. Hý is die Een in Wie die Vader ’n volkome welbehag het.

Dit is my heilige en vaste geloof dat my verbondenheid aan Christus my deel laat hê aan die guns van God. Na die mate wat ek my met Christus vereenselwig en met Hom identifiseer, het ek ook deel aan die guns en genade van God.

Inderdaad word God se guns in en deur Christus geopenbaar. Dink net weer aan die woorde van Efes.1:3: *“Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus.”* Kan ’n mens dit duideliker as dít hoor? Al God se seëninge kom na ons toe deur Sy Seun, Jesus Christus. Rom.5: 2 sê onomwonde dat ons deur Jesus toegang het tot God se *charis*: *“Deur Wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade (charis) waarin ons staan.”*

As ek deel is van Christus, het ek deel aan die *charis* van God, maar as ek van Hom vervreemd raak – luister wat sê Paulus in Gal. 5: 4: *“As ons losgemaak is van Christus, het ons van die genade (charis) verval.”* Omgekeerd – as ek aan Christus gebonde is, het ek deel aan die *charis* van God.

As jy hierdie waarheid insien, word Heb. 4: 14-16 baie duidelik: *“Terwyl ons dan ’n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie ’n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade/charis gaan sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade (charis) vind om op die regte tyd gehelp te word.”*

Volgens hierdie teks kan *genade/charis/guns* dus gesoek word, en gevind word. En dank God, daar is 'n plek waar dit gevind kan word. Daar is 'n troon, genoem die *genadetroon*, die “*charis-troon*” waartoe ons deur Jesus en deur Hom alleen toegang kan verkry.

Dit lyk vir my of die guns van God slegs in Christus te kry is. In Hom vertoef ons onder die glimlag en welbehae van God. Dis waar ek myself graag gedurig wil bevind. Niks kan opmaak vir die afwesigheid daarvan nie. Dis waar ek graag wil wees – onder die sagte reën van Sy *guns/charis*.

Dis só belangrik dat ons Hom sentraal in ons lewens, ons bediening en ons kerke sal hê – anders as die gemeente van Laodicense waar Hy buite die deur gestaan het en alles wat hulle gedoen het – al het dit hoe “blink” gelyk, tevergeefs was.

Dis Hý wat die Vader aan ons bekend maak.

Dis Hý wat deur die Heilige Gees aan ons geopenbaar word.

Dit is Hý wat deur die Heilige Gees die gawes aan ons gee en die bedieninge in ons werk.

Hý is die Doper in die Heilige Gees.

Hý is die Groot Geneesheer.

Hý alleen is die Saligmaker.

Hý alleen het die verlossingswerk aan die kruis volbring.

Hý het uit dood opgestaan.

Dit is oor Hóm, die verrese en verheerlikte Christus, waaroor Pinkster gaan.

Hý is die Alpha en die Omega, die Een wat is, wat was en wat kom, die Almagtige.

Hý het die sleutels van Dawid.

Hý is die komende Koning!

Ons het hierdie volheid in Hom en deur Hom. (Kol. 2: 10.)

Uit hierdie volheid ontvang ons genade (*charis*) op genade (*charis*). (Joh. 1:16)

God se charis maak 'n oneindige verskil

Sy guns maak 'n oneindige verskil. Daarsonder bou ons tevergeefs, maar hoe wonderlik as jy God se guns leer ken het en kan sê: “*Net goedheid en guns sal my volg, al die dae van my lewe.*”

Maak seker dat jy daarvoor kwalifiseer!